Les 2: Elkeen is Spesiaal vir God

Skrifgedeelte: Genesis 25:19-27

Benodighede:

- Brief van kind in koevert
- Groot sak
- Verfkwas
- Pen
- Bal
- Skoene
- Skoolboek
- Mikrofoon
- Musiekinstrument
- Hartjie
- Tandepaste
- Teddiebeer
- Klein besempie of hammer
- Papier vir elke kind
- Kleurkryte

Inleiding: Brief

Aanbieder: Hallo Maats! Ek het hierdie week 'n briefie gekry van 'n maatjie wat baie hartseer is. Ek gaan die brief vir julle lees dan kyk ons of ons nie dalk saam hierdie maat kan help om beter te voel nie.

Brief:

Liewe Tannie/Oom
Ek voel ek baie hartseer. Gisteraand was ons skool se prys-uitdeling en ek het niks gekry nie. Ek is nie goed met enige iets nie. Ek voel almal het talente behalwe ek. My ma sê altyd, al wat ek goed kan doen, is om op haar senuwees te werk. Hoekom het my maats so baie talente en ek het niks nie. Het God vergeet om vir my talente te gee?

Groete
Hartseer maatjie

Aanbieder: Het een van julle al so gevoel? Wat dink julle maats? Kan ons die hartseer maat en dalk die maatjies tussen ons wat ook so voel help?
Kom ons kyk eers wat is talente en watter verskillende talente ons alles kry.

Wat dink julle is 'n talent? 'n Talent is iets wat jy goed kan doen of waarvan jy hou om te doen! Dit is nie altyd iets waarin jy 'n prys kan wen nie, soms is dit iets wat iemand net regtig bly kan maak.

Les:

Kom ons kyk na 'n paar goedjies wat ons sal kan help om te dink aan verskillende talente.
(Neem 'n kussingsloop of groot sak en gooi 'n paar van die volgende items daarin (indien jy nie die items kan kry nie, kan jy dit vervang met prente):

- Verfkwas

(Kreatief, skeppend, mooi teken, verf, inkleur ens.)

- Pen

(Mooi stories vertel of skryf, gediggies skryf ens.)

- Bal

(Goed met sport, bv. hokkie, rugby, sokker, netbal ens.)

- Skoene

(Kan vinnig hardloop, hoog spring, vinnig hardloop as juffrou jou stuur om iets te doen)

- Skoolboek

(Goed met skoolwerk, wiskunde, geskiedenis, doen goed in toetste, skoolwerk is lekker)

- Mikrofoon

(Sing mooi, hou daarvan om voor mense te praat ens.)

- Musiekinstrument

(Kan 'n musiekinstrument bespeel)

- Hartjie

(Om mense gelukkig te maak of hulle te troos as hulle hartseer is, om vir mense baie lief te wees)

- Tandepaste

(Om mense lekker te laat lag of glimlag)

- Teddiebeer

(Gee vir mense drukkies om hulle beter te laat voel)

- Klein besempie of hammer

(Om altyd hard te werk en te help met enige iets. Dis lekker om goed vir ander mense te doen)

Gee die kinders kans om nog goed op te noem.

Elkeen van ons het talente. God het nie een van ons oorgeslaan nie. Party van ons weet nog net nie wat ons talente is nie, omdat jy dink talente is goed waarvoor jy net pryse kan kry. Ons kan vir God vra om vir ons te wys wat ons talente is, ons kan ook vir ons maats vra dat hulle vir ons sê waarin ons goed is. Van ons gaan dalk nou al sien dat ons meer as een talent het, maar die belangrikste is dat jy die talent of talente wat jy het moet gebruik om God gelukkig te maak en die mense rondom jou te dien.

Talente is deel van die goed wat God vir ons gegee het wat ons juis anders maak as almal om ons. Daarom kan jy weet dat jy baie spesiaal is vir God en dat hy vir jou spesiaal goed gegee het wat jy kan doen.
As ons kyk na ons storie van Jakob, dan sien ons daar ook dat God hom en sy broer verskillend gemaak het. Hulle het nie net verskillend gelyk nie, maar het ook daarvan gehou om verskillende goed te doen. Kom ons lees in Genesis 25:19-27 hoe hulle van mekaar verskil het. (Aanbieder lees die gedeelte)

Genesis 25:27
"Die seuns het grootgeword en Esau kon goed jag. Hy het gehou van die veld. Jakob was 'n rustige man en hy het geboer met skape en bokke."

Hier sien ons hoe Esau en Jakob van mekaar verskil het al was hulle 'n tweeling.
God het elkeen van hulle spesiaal en anders gemaak, net soos God jou ook spesiaal gemaak het.

Aktiwiteit:

Gee vir elke kind 'n papier en inkleur kryte. Gee hulle die kans om hulleself te teken met hulle talente by of skryf die talente by bv. 'n bal by die voet, of 'n groot hartjie in die mannetjie om hulle talente aan te dui. Die kinders kan ook vir hulle maats vra om goed by te skryf of by te teken op hulle prente indien hulle wil.

Watter een kan jy gebruik om God se naam meer groot te maak?
Watter een kan jy gebruik om iets vir iemand anders te beteken?